

Die Langeberg Munisipaliteit (Wes Kaap Provinsie) bedien die dorpe Ashton, Robertson, Montagu, Bonnievale en McGregor in die skilderagtige Breëriviervallei/Klein Karoogebied, waar mense nog na aan die natuur leef. Aansoeke word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling in die onderstaande poste:

Direkteur: Ingenieursdienste (Verw nr 08/2024)

As Direkteur: Ingenieursdienste, sal u verantwoordelik wees vir die verskaffing van leiding en rigting in die Elektriese Dienste, Siviele Ingenieursdienste, Meganiese Werkswinkel, Onderhoud van munisipale geboue en fasiliteite, Soliede Afvalbestuur, Stadsbeplanning en Projekbestuur afdelings om te verseker dat die Munisipaliteit voorsien word van 'n doeltreffende en effektiewe ondersteuning met betrekking tot genoemde areas.

PERMANENTE AANSTELLING

Kwalifikasies/ Ervaring:

'n Toepaslike en erkende B-Graad in Ingenieurswese, In diepte kennis van die huidige neigings in ingenieurswese om innoverende diensleweringstrategieë te formuleer; Minimum van vyf (5) jaar ervaring op middelvlakbestuur of as program/projek bestuurder en 3-4 jaar moet professionele/ bestuursvlak ingenieurswese bestuurs ondervinding wees; Goeie kennis en verstaan van relevante beleid en wetgewing; Goeie kennis en verstaan van institusionele regeringstelels en prestasiebestuur; Moet beskik oor uitgebreide kennis van die publieke kantoor omgewing; Moet in staat wees om ingenieurswese meesterbeplanning, projekbestuur en implementering te formuleer; Die volgende sal dien as voordelig naamlik; Sertifikaat van bevoegdheid soos vereis in terme van "General Machinery Regulations 1988" of geregistreerd by 'n erkende relevante ingenieurs professionele liggaam; Rekenaargeletterd; Geldige Kode B bestuurslisensie; Dit sal ook van die suksesvolle kandidaat verwag word om te voldoen aan die Munisipale Regulasies se Minimum Bevoegdheids vlakke;

Sleutelprestasie gebiede:

Voorsiening van strategiese leiding en leierskap om Ingenieursdienste vir die Munisipaliteit te kan lewer; Verseker die ontwikkeling, implementering, monitering en evaluasie van strategieë en programme wat belangrik is vir die bereiking van doelwitte wat verband hou met Ingenieursdienste wat deur die Munisipaliteit gelewer word; Ontwikkeling en bestuur van beleide en stelsels om te verseker dat die dag-tot-dag operasies, prosedures en prosesse binne die Ingenieursafdelings glad verloop; Voorsiening van 'n adviserende rol aan senior bestuur en die Raad met betrekking tot relevante beleid en wetgewende sake van voldoening; Opstel en bestuur van Direktoraat se jaarlikse kapitaal- en bedryfsbegroting; Voorbereiding en inhandiging van verslae aan die Munisipale Bestuurder en komitees om hulle op hoogte te hou van aangeleenthede binne die Ingenieursdienste; Opstel van jaarverslae; Verantwoordelik vir die prestasiebestuur stelsel van werknemers in Ingenieursdienste; Verseker optimale aanwending van Raad se hulpbronne; Leiding en bestuur van personeel en alle verwante hulpbronne; As Direkteur sal dit van u verwag word om strategiese leierskap binne u Direktoraat te voorsien.

Vergoeding:

R 1 016 855 (Minimum) – R 1 158 646 (Midpoint) - R 1 315 065 (Maksimum) (Jaarlikse totale vergoedingspakket)

Navrae met betrekking tot pos: Skakel Mnr DP Lubbe, Munisipale Bestuurder, by 023 615 8001

Sluitingsdatum: 19 Februarie 2024 om 12:00. Aansoeke (CV / Aansoekvorm (**Aanhangsel C vir Snr Bestuurders**), kwalifikasies, getuigskrift(e), ID en Bestuurslisensie waar van toepassing) met dekbrieff moet gestuur word na Ashton Kantoor by **Posadres:** Privaatsak X2, Ashton, 6715; **E-pos:** tcarstens@langeberg.gov.za; **Faks:** (023) 615 1563. Verdere inligting is beskikbaar by die Bestuurder: Menslike Hulpbronne by Ashton Kantoor, Tel (023) 615 8035 tydens normale kantoorure.

NB: Gunswerwing by Raadslede of enige lid van die Aanstellingskomitee sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer. Die Munisipaliteit is gebonde aan die beginsels van regstellende optrede soos uiteengesit in sy Diensbillikheidsplan. Aansoekers wat teen 31 Mei 2024 nog geen terugvoer gekry het nie, moet aanvaar dat hulle aansoeke nie geslaag het nie. CV's sal nie terugbesorg word nie. Geen aansoek sal oorweeg word as 'n aansoekvorm nie voltooi is nie. Die aansoekvorm is op die webwerf (www.langeberg.gov.za) en by alle munisipale kantore beskikbaar. Die Munisipaliteit behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie. Alle suksesvolle kandidate se aanstellings is onderhewig aan die verifikasie van kwalifikasies en kriminele rekords. Daar sal van kandidate verwag word om aan deeglike evaluering onderwerp te word. Vorige en huidige werkgewers en referente sal gekontak word. Die suksesvolle aansoeker sal by Robertson gestasioneer wees en indiensneming sal onderworpe aan die ondertekening van dienskontrakte en prestasie-ooreenkomste geskied, ingevolge Artikel 57 van die Munisipale Stelselwet asook openbaarmaking van finansiële belange. Die indiensneming sal in ooreenstemming met die Regulasies oor Indiensneming en Diensvoorwaardes van Senior Bestuurders plaasvind.

DP LUBBE
Munisipale Bestuurder
Munisipale kantore
Privaatsak X2
ASHTON 6715

The Langeberg Municipality (Western Cape Province) serves the towns Ashton, Robertson, Montagu, Bonnievale and McGregor in the picturesque Breede River Valley/Klein Karoo area, where people still live close to nature. Applications are hereby invited from persons with the necessary qualifications and experience for appointment in the following positions:

Director: Engineering Services (Ref nr 08/2024)

As Director Engineering Services, you will lead and direct the Electrical Services, Civil Engineering Services, Mechanical Workshop, Maintenance of Municipal Buildings and facilities, Solid Waste Management, Town Planning and Project Management sections so that the Municipality is provided with efficient & effective support in relation to the mentioned areas.

PERMANENT APPOINTMENT

Qualifications/ Experience:

An appropriate and recognized B Degree in Engineering; In depth knowledge in current trends in engineering in order to formulate innovative service delivery strategies, A minimum of five (5) years experience at middle management level, or as programme/ project manager and 3-4 years must be professional/ management level engineering management experience; Good knowledge and understanding of relevant policy and legislation; Good knowledge and understanding of institutional governance systems and performance management; Must have extensive knowledge of the public office environment; Must be able to formulate engineering master planning, project management and implementation; The following will serve as added advantage namely, Certificate of competency as required in terms of the General Machinery Regulations, 1988 or Registration with a recognised relevant engineering professional body; Computer Literate; Valid Code B driver's licence; It will be expected from the successful candidate to adhere to the Municipal Regulations on Minimum Competency levels;

Key Performance Areas:

Providing of Strategic guidance and leadership towards the rendering of Engineering Services for the Municipality; Ensuring the development, implementation, monitoring and evaluation of strategies and programmes that work towards the achievement of goals relating to Engineering Services rendered by the Municipality; Development and management of policies and systems to ensure smooth running of the day to day operations, procedures and processes that relate to all the above stated functions; Providing an advisory service to the senior management and council leadership regarding relevant policy and legislative issues of compliance; Compiling and managing the Directorate's annual capital and operational budget; Preparing and submitting reports to the Municipal Manager and committees so that they are informed of the issues relevant to Engineering Services; Compilation of annual reports; Taking responsibility for performance management system of the employees of the Engineering Services Department; Ensuring optimum utilization of Council resources; Leading and managing staff and all related resources; As Director it will be expected from you to provide strategic leadership in the Directorate.

Remuneration:

R 1 016 855 (Minimum) – R 1 158 646 (Midpoint) - R 1 315 065 (Maximum) (Total Annual Remuneration package)

Enquiries regarding post:

Contact Mr DP Lubbe, Municipal Manager, at 023 615 8001

Closing date: 19 February 2024 at 12:00. Applications (CV / application form (**Annexure C for Snr Managers**), qualifications, testimonial(s), ID and driver's licence where applicable) with covering letter must be submitted to the Municipal Manager at **Postal Address:** Private Bag X2, Ashton, 6715; **E-mail:** tcarstens@langeberg.gov.za; **Fax:** (023) 615 1563. Further information is available from the Manager: Human Resources at Tel (023) 615 8035 during normal office hours.

NB: Canvassing of Council members or any member of the Appointment Committee will immediately disqualify applicants. The Municipality is bound by the principles of affirmative action as set out in its Employment Equity Plan. Applicants that have not received any feedback by 31 May 2024 must accept that their applications were unsuccessful. CV's will not be returned. No application will be considered if an application form is not completed. The application form is on the website (www.langeberg.gov.za) and available at all municipal offices. The Municipality have the right not to make an appointment. All successful candidates' appointments are subject to verification of qualifications and criminal records. It will be expected from the candidates to undergo a thoroughly evaluation. Previous and current employers and references will be contacted. The successful candidate will be located in Robertson and appointment will be subjected to the signing of a service and performance contract in accordance with Section 57 of the Municipal Systems Act as well as disclosure of financial interest. The appointment will take place in accordance with the Regulations on Appointments and Service Conditions of Senior Managers.

DP LUBBE
Municipal Manager
Municipal Offices
Private Bag X2
ASHTON 6715